NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

JANUARIE 2007 JANUARY 2007

Redaksioneel

Wat 'n gedagte. Dit is 2007! As ek so na die datum kyk wil dit voorkom asof ek nou nie meer daarop aanspraak kan maak dat ek nog 'n tienderjarige kan wees nie. Al hierdie vakansiedae was sommer baie lekker, maar as 'n mens mooi daarna kyk is dit ontstellend om te sien hoe die tyd verby gaan en besef dat die beskikbare tyd al hoe minder raak.

Be it as it may, I believe that all of us will wish to extend all our best wishes for the coming year to all our friends and families alike. From my side I hope that all of us will have at least one new year's resolution that will include a decent woodworking project.

Ek was die grootste deel van Desember met vakansie by die see. Die weer was ons baie goedgesind en ek kon regtig baie lekker ontspan. Die probleem is egter dat ek nie tyd gehad het om regtig aan houtwerk te dink nie en gevolglik het ek nie veel waaroor ek kan rapporteer nie. (Die komitee het ook, soos die res van ons, vakansie gehou en dus is daar ook vanuit die rigting nie veel om aan te bied nie.

Next meeting

Our next meeting will be on Wednesday, 31 January at 18h00. The venue is still the Botany Department, University of Pretoria. Just to refresh your memories, a repeat of the notification as it was published in the November edition:

Algemene jaarvergadering

Die Algemene Jaarvergadering van die Houtwerkvereniging van Pretoria sal plaasvind op Woensdag 31 Januarie 2007, om 18:00, in die Jan Smuts Laboratorium, Departement Plantkunde, Universiteit van Pretoria.

Agenda

1 Opening
2 Presensie
3 Verskonings
4 Notule van vorige vergadering: Sekretaris
5 Sake voortspruitend
6 Verslag van die Voorsitter
7 Finansiële verslag; Tesourier
Verkiesing van nuwe Bestuurskomitee
9 Jaarprogram
- Nabetragting van afgelope program
- Voorstelle vir nuwe program

10 Afsluiting

Dit word vertrou dat ons 'n goeie opkoms by hierdie vergadering sal hê. Ons moet 3 nuwe komiteelede verkies en dan moet ons ook voorstelle indien vir onderwerpe wat ons hierdie jaar tydens die vergaderings kan bespreek. U word versoek om ernstige aandag aan hierdie twee aspekte te gee. Ons soek nuwe idees vir die opstelling van die jaarprogram. (Moontlik is daar 'n goeie aanbieding wat reeds voorheen gedoen is wat weer vir die nuwer lede aangebied kan word. Laat tog maar u gedagtes gaan oor al die moontlikhede. Indien jy iets ouliks het wat jy met die res van ons kan deel wil ons ook daarvan hoor)

Draaiers se hoekie

Die draaiers se subkomitee het gelukkig vir ons 'n briefie gestuur om ons aan die begin van die jaar op te warm. Ek glo daar is sommiges wat dit nie gekry het nie en dan mag daar van ons ander lede wees wat ook mag belangstel. Ek sluit dus die notas hier in en vertrou dat dit die gewenste uitwerking sal hê.

Dagsê alle draaiers.
Hiermee 'n kort nota asook die behoefte om almal 'n voorspoedige 2007 toe te wens. Mag daar vir almal genoeg geleentheid wees om baie skaafsels te maak en om na 'n hoër trappie van draaibank-bedrewenheid te vorder. Die wagwoord is natuurlik "gereelde oefening".

Die nota bestaan uit 'n paar onderdele. Eerstens

herinner ons almal aan ons eerste byeenkoms vir 2007. Soos gereël, sal dit by At Smit se werkswinkel te Puccinistraat 546, Constantiapark gehou word. Onthou ons begin reeds om 18:00. Soos gebruiklik bring elkeen vir homself 'n peusel- en drinkdingetjie saam.

Nog iets wat jy beslis moet saambring is jou huiswerk. Dis 'n vrye keuse en jy kan met jou vakansie-oorspronklikheid kom spog. Hiermee word 'n beroep op elke draaier gedoen om te poog om elke maand hierdie jaar iets te draai en as huiswerk saam te bring. Meer as een stuk op 'n keer sal hoog op prys gestel word.

Vir die voordeel van ons nuwe lede word elkeen gevra om asb. Jou naamkaartjie saam te bring en aan te speld. Die nuwe lede wil die oues leer ken en die oues weer die nuwe gesigte. Ons is mos amper "familie" en wil mekaar graag beter leer ken - en dit begin altyd met jou naam.

'n Saak wat bespreek gaan word, is die verskuiwing van ons maandelikse byeenkomste na 'n Saterdag-oggend. Dink asb. solank daaraan en kom gee jou mening. Indien jy nou al weet dat jy nie die byeen-koms op 24 Januarie sal kan bywoon nie, antwoord dan asb. op hierdie brief en laat weet wat jou mening hieroor is. Tydens die vergadering sal al die voordele en nadele (indien enige) van 'n verskuiwing na 'n Saterdag uitgelig word.

Die laaste saak handel oor AWSA. Sestien van ons lede het vir 2007 aangesluit. Indien daar nog iemand is wat belangstel om vir 2007 aan te sluit, kan julle asb. op hierdie brief reageer en die saak sal dadelik aandag kry. Soos gebruiklik daag Schalk van Johannesburg elke jaar al die draaiers in S.A. uit om iets interessants te draai. Dis weer so vir vanjaar. Die lekker hiervan is egter dat hy die uitdaging aan AL die draaiers rig, ongeag of jy by AWSA aangesluit het of nie. Daarom herhaal ons graag hier aan die begin van ons jaarprogram Schalk se uitdaging sodat al ons Pretoria-lede kan deelneem. Ons sal later meer hieroor sê, maar wil intussen hê dat al die vernuftige grysstof ingespan word sodat julle aan moontlike stukke kan begin dink. Hier kom die "challenge" :

"Turners are required to make use of both faceplate and spindle turning techniques for this challenge. They are challenged to produce any bowl/vessel and to incorporate at least 2 identical spindles. There is no limit to size. "

Groete tot 24 Januarie.

Willie de Wet en Lou Coetzer

Uit die ou dae

Tydens my vakansie het 'n draai by die Drostdy en die aangrensende museum op Swellendam gemaak. Dit is mos vir ons houtwerkers altyd mooi om na ou skawe en ander gereedskapstukke te kyk. Toe ek die skrynwerkers se werkswinkel binnestap kon ek nie help om 'n foto van hierdie stinkhout werkbank te neem nie. Ek deel dit graag met almal hoewel sommiges dit moontlik al voorheen gesien het.

'n Mens moet dit eintlik self sien, saam met die gepaardgaande gereedskap. Dit is wonderlik om te sien wat hierdie die ouens gemaak en gebruik het. Dit is ook duidelik dat, waar dit by gereedskap gekom het, daar 'n trots teenwoordig was.

(Hierdie werkbank, wat van stinkhout gemaak is, het my ook laat wonder waarvan ons vorentoe ons goed gaan maak. Sal die hout wat ons tans gebruik nie ook soos hierdie stinkhout, wat duidelik baie volop moes wees, nie ook so uiters skaars raak nie? Is dit nie nou die tyd dat ons ernstig moet kyk na die behoud van bome ens deur baie meer sintetiese stowwe in ons projekte in te werk ten einde dit wat beskikbaar is langer te laat hou nie? Dit gesê, moet ons seker ook nog kyk na die vernietiging van die ekologie, deur die inheemse bosse oral uit te roei deur die onoordeelkundige gebruik van hout. Ek glo almal wat hout lief het moet op hulle eie manier poog om die onnodige verbruik van hout, al is dit hoe 'n beskeie en tans volop houtsoort, te verminder. Die nageslag sal ons daarvoor prys.)